

TOBIT

Inleiding

Dit is moeilik om te bepaal wanneer die boek ontstaan het. Daar word vermoed dat dit in die tydperk tussen 225 en 175 vC geskryf is. Dit is eweneens onseker waar dit ontstaan het. Palestina, Egipte, Assirië en Babilon is al as moontlike ontstaansplekke genoem.

Die identiteit van die skrywer en eerste lesers is onbekend; uit die boek kan wel afgelei word dat die skrywer 'n Jood was. Daar kan ook afgelei word dat dit bedoel was vir Jode wat hulle in lewensomstandighede bevind het waarin die Hellenisme (die vergrieksing van die kultuur) al hoe sterker geword het.

Die verhaal van *Tobit* hou 'n navolgenswaardige voorbeeld aan die lesers voor. Die skrywer maak gebruik van temas uit bestaande volksvertellings, naamlik *Die ongelukkige bruid* (oor die dogter van 'n ryk man wat sewe mans agtereenvolgens in die huweliksnag verloor), *Die dankbare dooie* (oor 'n dooie wat sy dankbaarheid betuig teenoor die mense wat hom begrawe het) en *Die oorlewering van Agikar* (oor 'n raadgewer aan die hof van Esarhaddon). Die boek is oorspronklik in Hebreeus of Aramees geskryf en later in ander tale soos Grieks, Siries, Ethiopies en Latyn vertaal. Daar bestaan 'n lang en kort weergawe van die boek; beide is in die Griekse vertaling vervat. Hierdie vertaling is op die langer weergawe gebaseer, met die uitsondering van Tob 4:7-19a en 13:6-10, wat nie in die langer weergawe voorkom nie en daarom uit die korter weergawe aangevul word.

Daar is twee hoofemas in die verhaal. Die eerste tema is dat God betrokke is by elke faset van 'n mens se lewe. Die vraag waarom mense swaarkry, geniet nie baie aandag nie, maar dit word wel beklemtoon dat God betrokke is by mense se swaarkry en hulle help. Die tweede hoofema is dat dit belangrik is om goed te doen. Met “goed doen” word nie net verwys na die formele nakom van geboorte nie, maar die doen van die moreel goeie, byvoorbeeld om dooies te begrawe, kos te voorsien aan mense wat honger is, aalmoese te gee, en om respek vir jou ouers en ontsag vir God te hê. In hierdie opsig is die karakter Tobit 'n voorbeeld vir Israel.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

- 1:3-22 Tobit se voorbeeldige lewe
- 2:1-14 Tobit se blindheid
- 3:1-6 Tobit se gebed
- 3:7-15 Sara se swaarkry en haar gebed
- 3:16-17 Gebedsverhoring van Tobit en Sara
- 4:1-21 Tobias se sending na Medië
- 5:1-23 Rafael as Tobias se reisgenoot
- 6:1-19 Reis na Medië
- 7:1-17 Tobias se huwelik met Sara
- 8:1-21 Verdrywing van die demoon
- 9:1-6 Ontvangs van geld by Gabael
- 10:1-14 Tobias se terugkeer
- 11:1-19 Tobit se genesing
- 12:1-22 Rafael se identiteit
- 13:1 — 14:1 Tobit se lofrede
- 14:2-15 Tobit se afskeidsrede

1

¹ ^aDit is die verhaal van Tobit, seun van Tobiël, seun van Hananiël, seun van Aduel, seun van Gabael, seun van Rafael, seun van Raguel, uit die nageslag van Asiël, uit die stam Naftali. ² ^{*}Tobit is in die tyd van Salmaneser, die koning van die Assiriërs, as krygsgevangene uit Tisbe weggevoer. Tisbe lê regs van Kedes in Naftali, in Bo-Galilea, bokant Hasor, in die rigting waar die son ondergaan, en links van Fogor.^b

Tobit se voorbeeldige lewe

³ Ek, Tobit, het my lewe lank die pad van waarheid en geregtigheid geloop en baie aalmoese gegee aan my broers^c en my volksgenote wat my in krygsgevangenskap na Nineve in die land van die Assiriërs vergesel het.

⁴ Toe ek nog in my eie gebied in die land Israel was, en ek nog 'n jong man, het die hele stam van my voorvader Naftali met die huis van my voorvader Dawid gebreek én met Jerusalem — die stad wat uit al die stamgebiede van Israel uitverkies is sodat al die stamme van Israel daar kon offer. En daar is die tempel as woonplek van God gebou en gewy,^d vir al die geslagte tot in ewigheid. ⁵ ^{*}My hele familie en die huis van Naftali, my voorvader, het destyds oral op die berge van Galilea aan die

^a**1:1** Daar is twee teksweergawes van die boek *Tobit*; 'n kort en 'n lang weergawe. Hierdie vertaling is op die langer weergawe gebaseer, met die uitsondering van Tob 4:7-19a en 13:6-10, wat nie in die langer weergawe voorkom nie en daarom uit die korter weergawe aangevul word.

^{*}**1:2** 2 Kon 18:9-11

^b**1:2 Tisbe lê ... Fogor:** Volgens die antieke wêreldbeeld was die oriëntasie die ooste, waar die son opkom, sodat regs na die suidekant verwys en links na die noordekant.

^c**1:3 broers:** Dit verwys na familie.

^d**1:4 gebou en gewy:** Die •bronteks lui “gewy en gebou is”.

^{*}**1:5** 1 Kon 12:26-33

kalf geoffer wat Jerobeam, die koning van Israel, in Dan laat maak het. ⁶*Maar ek — net ek — het gereeld op die feesdae Jerusalem toe gegaan, soos daar vir die hele Israel as 'n ewige voorskrif bepaal is.^e Met die eerste vrugte, die eersgeborenes en die tiendes van die kuddes en die eerste skeersel van die skape, het ek my dan na Jerusalem gehaas. ⁷ Ek het dit aan die priesters, die nageslag van Aäron, by die altaar oorhandig. En die tiende van die graan, wyn, olyfolie, granate, vye en ander vrugte het ek vir die Leviete gegee wat in Jerusalem diens doen. Gedurende die sesjaartydperk^f het ek die tweede tiende in geld omgesit en dit elke jaar in Jerusalem gaan uitdeel. ⁸ Ek het die derde tiende vir die weeskinders en die weduwees geskenk en vir die proseliete^g wat by die Israeliete kom woon het. Ek het dit in die derde jaar geneem en vir hulle gegee en ons het dit geëet volgens die voorskrif wat daarvoor neergelê is in die Wet van Moses, en volgens die opdragte van Debora, die ma van ons voorvader Hananiël.^h My pa het my wees agtergelaat toe hy dood is. ⁹ Toe ek 'n man was, het ek 'n vrou uit die geslagslynⁱ van ons familie geneem. Ek het 'n seun by haar verwek en hom Tobias genoem.

¹⁰ Na my wegvoering as gevangene na die Assiriërs en toe ek daar 'n

***1:6-8** Eks 23:14-15,17; Num 18:12-13,20-32; Deut 14:22-29; 18:3-5; 26:12-13; 2 Kron 31:4-6

^e**1:6 soos ... bepaal is:** Die bronteks lui “soos daar vir die hele Israel in 'n ewige voorskrif voorgeskryf is”; vgl Deut 12:11,13-14.

^f**1:7 Gedurende die sesjaartydperk:** Tydens die sewende jaar, die sabbatsjaar, was dit nie nodig om tiendes te gee nie; vgl Lev 25:4-7.

^g**1:8 proseliete:** Anders as 'n •godvresende, was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodedom oorgegaan het.

^h**1:8 voorvader Hananiël:** Die bronteks lui “vader Hananiël”, maar volgens Tob 1:1 is Hananiël Tobit se oupa.

ⁱ**1:9 geslagslyn:** Bybelse term vir die aanduiding van die patriargale geslagslyn.

gevangene was, het ek by Nineve aangekom. Al my broers^j en my volksgenote het van die heidene se kos geëet,¹¹ maar ek het my daarvan weerhou om van die kos van die heidene te eet.*¹² Omdat my gedagtes heelhartig op God gerig was,^{k 13}* het die Allerhoogste my genade en aansien gegee voor Salmaneser, en ek het gewoonlik alles wat hy nodig het, vir hom gekoop.¹⁴ Ek het gereeld na Medië gegaan en aankope vir hom gedoen, van toe af tot sy dood. In die land Medië het ek silwer ter waarde van tien talent^l aan Gabael, Gabri se broer,* toevertrou.¹⁵ Toe Salmaneser sterf en sy seun Sanherib^m in sy plek koning word, het die paaie na Medië onveilig geraak en kon ek nie meer daarheen reis nie.

¹⁶ In die tyd van Salmaneser het ek baie aalmoese geskenk aan my broers, my volksgenote.¹⁷* Ek het van my kos gegee vir dié wat honger was en klere vir dié wat nie klere gehad het nie. As ek gesien het een van my volksgenote is dood en sy liggaam is buite die mure van Nineve gegooi, het ek hom gaan begrawe.¹⁸ Ek het elkeen begrawe wat Sanherib laat doodmaak het toe hy halsoorkop weggetrek het uit Judea. Dit was in die tyd van die oordeel wat die Koning van die hemel oor Sanherib gebring het as gevolg van al die godslastering waarmee hy gelaster het. Sanherib het in sy woede baie van die Israeliete om die lewe laat bring. Ek het hulle liggame gesteel en gaan begrawe. Sanherib het hulle gesoek,

^j**1:10 broers:** Vgl voetnoot in Tob 1:3.

***1:10-11 Al my ... te eet:** Lev 11:1-47; Deut 14:3-21; Dan 1:8; Judit 12:1-2

^k**1:12 my ... gerig was:** Die bronteks lui “wat met my hele siel onthou het”.

***1:13** Dan 2:48

^l**1:14 10 talent:** Die grootste geldeenheid, 10 talent was dus ongeveer 60 000 denarius; •Geldeenhede.

***1:14 Gabael ... broer:** Vgl Tob 4:20

^m**1:15 Sanherib:** Die geskiedenis word verkort. Salmaneser word in 722 vC deur Sargon (722-705 vC) opgevolg. Sy seun, Sanherib, volg hom in 705 vC op.

***1:17** Job 31:16-20; Tob 4:3-4; 14:12-13

maar nie gekry nie. ¹⁹ *Een van die inwoners van Nineve het egter aan die koning gaan verklap dat dit ek was wat hulle begrawe het. Ek het gaan wegkruip, maar toe ek uitvind dat die koning van my weet en my lewe soek, het ek bang geword en gevlug. ²⁰ Alles wat aan my behoort het, is toe afgevat. Daar is niks vir my agtergelaat nie, behalwe my vrou Anna en my seun Tobias; alles is gekonfiskeer vir die koning se skatkis.

²¹ *Skaars veertigⁿ dae later het twee van Sanherib se seuns hom vermoor en na die Araratberge gevlug. Sanherib se seun Esarhaddon het ná hom koning geword. Hy het Agikar,^o my broer Hanael se seun, oor die staatskas van die koninkryk aangestel; hy was in beheer van die hele regeringsadministrasie. ²² Toe het Agikar vir my gepleit en kon ek na Nineve terugkeer. Agikar was immers reeds onder Sanherib, koning van die Assiriërs, die hoofskinker, die bewaarder van die seëlring, die hoof van die finansiële administrasie en in beheer van die staatskas. Esarhaddon het hom egter ook as die tweede belangrikste man aangestel. Agikar was my broerskind, familie van my.

2

Tobit se blindheid

¹ In die tyd van koning Esarhaddon het ek teruggekeer na my huis, en my vrou Anna en my seun Tobias is aan my teruggegee. Tydens ons Pinksterfees,^p die heilige Fees van die Sewe Weke, is 'n baie goeie ete

***1:19** Eks 2:15

***1:21** 2 Kon 19:37; 2 Kron 32:21; Jes 37:38

ⁿ**1:21 40:** Ander ou mss lui “vyf-en-veertig” of “vyftig”.

^o**1:21 Agikar:** 'n Bekende legendariese man van wysheid, 'n neef van Tobit.

^p**2:1 Pinksterfees:** Ook genoem Fees van die Weke, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word (Lev 23:9-13). Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasma, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) ná Pasma gevier is; •Feeste.

vir my voorberei en ek het aangeleun om te eet.^q ² Toe die tafel vir my voorberei is, en besonder baie disse vir my voorgesit is, het ek vir my seun Tobias gesê: “Gaan, kind, en as jy enige arm mens van ons broers^f onder die ballinge in Nineve kry, iemand wat sy gedagtes heelhartig op God rig,^s bring hom en hy sal saam met my eet. Kyk, ek sal vir jou wag, kind, tot jy terugkom.”

³ Tobias is weg om 'n arme uit ons volksgenote te gaan soek, en toe hy terugkom, sê hy: “Vader!” Ek sê toe vir hom: “Hier is ek, kind.” Hy antwoord: “Kyk, Vader, een van ons volksgenote is vermoor en op die markplein gegooi; hy is so pas daar verwurg!” ⁴ Ek het opgespring en die ete gelos sonder om eers daaraan te proe. Ek het die dooie weggedra van die plein af en hom in een van die buitegeboue gesit tot die son ondergaan en ek hom kon begrawe. ⁵ Nadat ek teruggekeer het, het ek my gewas^t en my kos met droefheid geëet. ⁶ Ek het aan die uitspraak van die profeet Amos gedink wat hy teen Bet-El gemaak het:

“Julle feeste sal
in droefheid verander,
en al julle prysliedere
in 'n treurlied.”*

Ek het gehuil. ⁷ *Toe die son onder was, het ek 'n graf gaan grawe en die man begrawe. ⁸ My bure het my uitgelag en gesê: “Is hy nog steeds nie bang nie? Hy is vroeër juis oor hierdie saak gesoek om doodgemaak

^q2:1 aangeleun ... eet: Mense het in Bybelse tye met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^f2:2 broers: Dit verwys na familie.

^s2:2 iemand ... rig: Die teks lui “wat met sy hele hart onthou”.

^t2:5 gewas: 'n Wassing vir reinigingsdoeleindes; vgl Num 19:11-13.

*2:6 Julle ... treurlied: Am 8:10; vgl 1 Mak 1:39

*2:7-8 Tob 1:17,19

te word en het toe weggehardloop en kyk, nou begrawe hy al weer dooies!”⁹ Daardie selfde nag het ek my gewas^u en in my binnehof gegaan en teen die muur gaan lê en slaap. As gevolg van die hitte was my gesig ontbloot.¹⁰ *Ek het nie geweet dat daar mossies op die muur bokant my was nie. Hulle mis, wat nog warm was, het in my oë geval en wit vliese veroorsaak. Ek het die dokters besoek om gesond te word, maar hoe meer medisyne hulle aangewend het, hoe meer het my gesig as gevolg van die wit vliese verswak, tot ek heeltemal blind was. Ek kon vir vier^v jaar nie sien nie en my hele familie het oor my getreur. Agikar^w het twee jaar lank vir my gesorg voordat hy na Elimais is.

¹¹ In daardie tyd het Anna, my vrou, geld verdien deur vrouetake^x te verrig.¹² Sy het dit gewoonlik na haar werkgewers geneem en hulle het haar dan betaal. Eenkeer, op die sewende dag van die maand Dustros,^y het sy die weefstuk afgesny en na haar werkgewers geneem. Hulle het haar die volle betaling gegee en ook 'n bokkie uit hulle kudde om huis toe te neem.¹³ Toe die bokkie by my kom, begin hy blêr. Ek roep toe vir Anna en vra haar: “Waar kom hierdie bokkie vandaan? Hy is tog nie gesteel nie? Gaan gee hom terug vir sy eenaars; ons het geen reg om iets te eet wat gesteel is nie.”¹⁴ Toe sê sy vir my: “Hy is as 'n geskenk vir my gegee, bo en behalwe die betaling.” Maar ek het haar nie geglo nie en vir haar gesê om hom te gaan teruggee aan sy eenaars. Ek het

2:9 het ... gewas: Ander mss lui “... nadat ek hom begrawe het, keer ek terug, en omdat ek seremonieel •onrein was ...”.

***2:10** Mark 5:26

v2:10 4: Sommige mss en die •Vulgaat lui “tien”.

w2:10 Agikar: 'n Bekende legendariese man van wysheid, 'n neef van Tobit.

x2:11 vrouetake: Take wat in die tyd deur vroue verrig is, byvoorbeeld spin- en weefwerk.

y2:12 Dustros: Die 5de maand van die jaar in die Macedoniese kalender, min of meer Februarie/Maart; •Maande.

hieroor rooi van woede^z vir haar geword. Daarop antwoord sy my: “En waar is al jou barmhartigheid nou, en waar al jou goeie dade?” Kyk, jou manier van doen is algemeen bekend!”

3

Tobit se gebed

¹ Ek was sielsbedroef, en ek het gesug en geween en kermend begin bid:

² “**U is regverdig, Here,

al u dade is reg,

al u weë is barmhartigheid

en waarheid.

U oordeel die wêreld.

³ *En nou, Here, dink aan my,

sien my raak,

en moenie my straf vir my sondes

en vir wat ek en my voorvaders

onwetend teen U

gesondig het nie.

⁴ *Ek het u gebooie oortree

en U het ons uitgelewer

aan plundering, gevangenskap

en die dood;

ons het 'n bespotting,

'n skinderstorie,

^z2:14 rooi van woede: Ander mss lui “rooi van skaamte”.

*2:14 Daarop ... dade: Job 2:9

*3:2-5 Esra 9:6-7; Dan 9:4-9

*3:2 Ps 25:10; 119:137

*3:3 Eks 34:7; Ps 79:8; Bar 1:17-18

*3:4 Deut 28:15; Bar 2:5; 3:8

'n voorwerp van minagting geword
by die nasies waaronder
U ons verstrooi het.

⁵ Nou is u talle oordele reg;
dit is die straf oor my sondes,
omdat ons nie u gebooie gehou
en nie getrou voor U
gewandel het nie.

⁶ *Handel nou met my
soos U goedvind
en gee opdrag dat my gees
uit my weggeneem word
sodat ek van die aarde
bevry kan wees en stof word.
Daarom is dit vir my beter
om te sterf as om te leef,
want ek het leuenagtige
beledigings aangehoor
en ek dra baie pyn met my saam.
Here, gee opdrag dat ek bevry word
van hierdie swaarkry.
Laat my na die ewige plek^a gaan.
Moenie u gesig van my af
wegdraai nie, Here,
want dit is vir my beter om te sterf
as om soveel swaarkry in my lewe
te ervaar

*3:6 Num 11:15; 1 Kon 19:4; Job 7:15; Jona 4:3,8

^a3:6 ewige plek: Die •doderyk; vgl Job 7:9-10.

en om beledigings aan te hoor.”

Sara se swaarkry en haar gebed

⁷ Daardie selfde dag het dit gebeur dat Sara, die dogter van Raguel wat in Ekbatana^b in Medië woon, die beledigings van een van haar pa se diensmeisies aangehoor het. ⁸ Die rede hiervoor is dat Sara reeds vir sewe mans as vrou gegee is, maar die bose demoon Asmodeus^c het hulle doodgemaak voordat hulle by haar kon slaap — soos wat vir vroue gebruiklik was. Die diensmeisie het vir haar gesê: “Dit is jý wat jou mans doodmaak. Kyk, jy is reeds aan sewe mans as vrou gegee, maar jy het nie een van hulle se naam gedra nie. ⁹ Hoekom straf jy ons oor jou mans omdat hulle gesterf het? Gaan saam met hulle. Mag ons nooit 'n seun of dogter van jou sien nie.”

¹⁰ *Sy was daardie dag sielsbedroef en het gehuil. Sy het na haar pa se bokamer gegaan en wou haarself ophang. Sy het haar toe bedink en gesê: “Mag hulle nooit my pa beledig nie en vir hom sê, ‘Jy het net een geliefde dogter gehad en sy het haarself opgehang oor haar probleme.’ So sal ek my pa in sy ouderdom met droefheid in Hades^d laat ingaan. Dit is vir my beter om nie myself op te hang nie, maar die Here te smeek dat ek mag sterf sodat ek nie langer sulke beledigings in my lewe hoef aan te hoor nie.” ¹¹ *Sy het op daardie oomblik haar hande na die venster uitgestrek en gebid:

“Lofwaardig is U,

^b**3:7 Ekbatana:** Die hoofstad van antieke Medië; tans Hamadan in moderne Iran.

^c**3:8 Asmodeus:** Die naam is waarskynlik van Persiese oorsprong, maar die Joodse tradisie verbind dit met die Aramese woord “vernietiger”.

^{*}**3:10** Gen 37:35; 42:38; 44:29-31; Tob 6:15

^d**3:10 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; Doderyk.

^{*}**3:11** 1 Kon 8:44,48; Ps 28:2; 134:2; Dan 6:11; Tob 13:1

barmhartige God,
en lofwaardig is u Naam
tot in ewigheid.

Laat al u werke
U tot in ewigheid loof.

¹² En nou is my gesig na U gewend
en ek rig my oë op na U.

¹³ *Laat my bevry word
van die aarde
en nie meer beledigings
aanhoor nie.

¹⁴ U, Here,^e weet dat ek vry is
van enige •onreinheid met 'n man.

¹⁵ Ek het ook nooit my naam
en die naam van my pa
tot skande gemaak
in die land van
my gevangenskap nie.

Ek is my pa se enigste kind;
hy het geen ander kind wat by hom
sou kon erf nie;
hy het geen nabye familielid
of stamlid
vir wie ek myself sou kon bewaar
as vrou nie.

Sewe van my mans is reeds dood.

***3:13** Tob 3:6

^e**3:14 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

Wat is daar dan nog vir my oor
om voor te leef?
As U verkies om my nie
te laat doodgaan nie,
Here, hoor dan hoe ek
beledig word.”

Gebedsverhoring van Tobit en Sara

¹⁶* Op daardie oomblik is al twee se gebede in die heerlike teenwoordigheid van God gehoor. ¹⁷* Toe is Rafael gestuur om hulle albei gesond te maak: vir Tobit, deur die wit vliese van sy oë te verwyder sodat hy met sy oë God se lig kon sien; en vir Sara, die dogter van Raguel, deur haar as vrou te gee aan Tobias, die seun van Tobit, en haar te bevry van Asmodeus,^f die bose demoon. Want vir Tobias kom dit toe om haar te kry bo al die ander wat haar wou hê.

Op daardie oomblik het Tobit sy binnehof verlaat en sy huis binnegegaan, en Sara, die dogter van Raguel, het self ook afgekom van die bokamer.

4

Tobias se sending na Medië

¹* Daardie dag het Tobit onthou van die geld wat hy aan Gabael in Rages in Medië toevertrou het. ² Hy het vir homself gesê: “Kyk, ek het gevra vir die dood. Hoekom roep ek nie my seun Tobias nie en lig hom in oor hierdie geld voor ek sterf?” ³* Hy roep toe sy seun Tobias en hy het na hom gekom. Tobit het vir hom gesê: “Jy moet my op gepaste

***3:16** Tob 12:12

***3:17** Gen 24:3-4; Tob 4:12-13; 6:12-13

^f**3:17** Asmodeus: Vgl voetnoot in Tob 3:8.

***4:1** Tob 1:14

***4:3** Eks 20:12; Spr 23:22; Matt 8:21

wyse begrawe. Jy moet jou ma eer en haar solank sy leef nie in die steek laat nie. Doen wat haar geval en moenie haar in enige opsig hartseer maak nie. ⁴*Dink aan haar, kind, want sy het baie gevare die hoof gebied toe sy jou verwag het. Wanneer sy te sterwe kom, moet jy haar by my in een graf begrawe.

⁵“Dink elke dag aan die Here, kind. Moenie begeer om sonde te doen en sy gebooie te oortree nie. Doen wat reg is al die dae van jou lewe en moenie op die paaie van onreg loop nie. ⁶*Want almal wat waarheid nastreef, sal voorspoedig wees in wat hulle doen.

⁷“Neem uit wat jy besit om aalmoese te gee aan almal wat reg doen. Moenie met 'n suinige oog kyk wanneer jy aalmoese gee nie. Moenie jou gesig wegdraai van enige arm mens nie en God sal nie sy gesig van jou af wegdraai nie. ⁸Gee volgens wat jy het. As jy baie het, gee aalmoese daaruit. As jy min het, moenie bang wees om uit die min wat jy het, aalmoese te gee nie. ⁹*Want dan sal jy vir jouself 'n goeie skat wegsit vir die dag van teenspoed. ¹⁰Die gee van 'n aalmoes red 'n mens immers uit die dood en verhoed dat jy in die duisternis⁸ ingaan. ¹¹*Vir hulle wat 'n aalmoes gee, is dit in die oë van die Allerhoogste 'n goeie gawe.

¹²“*Kind, pasop vir alle onsedelikheid. Die belangrikste is: Neem 'n vrou uit die nageslag van jou voorvaders. Moenie 'n vreemde vrou neem wat nie uit die stam van jou vader is nie, want ons is kinders van die profete. Kind, dink aan Noag, Abraham, Isak, Jakob, ons voorouers van

* 4:4 Tob 14:12; Sir 7:27

* 4:6 Tob 12:8; 13:6

* 4:7-11 Deut 15:7-8,11; Spr 3:27; Tob 12:9-10; Sir 4:1-6; 35:12; Matt 6:2-4; 1 Joh 3:17

* 4:9 Sir 29:12; Matt 6:20

§4:10 **duisternis:** Die •doderyk.

* 4:11 Spr 19:17; Sir 3:31

* 4:12 Gen 24:3-4; 25:20; 28:1-2; Eks 34:15-16; Rig 14:3

ouds, en dat hulle almal vroue uit hulle familie geneem het, dat hulle in hulle kinders geseën is en dat hulle nageslag die land sal beërf. ¹³ En nou, kind, wees lief vir jou broers; moenie te hooghartig wees om vir jou 'n vrou te neem uit die broers en seuns en dogters^h van jou volk nie.

“Hooghartigheid lei tot vernietiging en groot wanorde, luiheid tot verlies en groot armoede. Ja, luiheid is die moeder van honger. ¹⁴ *Moenie die loon van enige mens wat vir jou werk, terughou tot die volgende môre nie, maar betaal hom dadelik, en as jy God dien, sal jy beloon word.

“Let noukeurig op alles wat jy doen, kind, en laat jou opvoeding blyk uit jou hele lewenswyse. ¹⁵ *Moenie dit waarvan jy 'n afkeer het, aan iemand anders doen nie. Moenie wyn drink tot jy dronk is nie. Moenie dat dronkenskap 'n metgesel op jou pad word nie.

¹⁶ “*Gee van jou kos vir dié wat honger is en van jou klere vir dié wat naak is. Gee alles waarvan jy in oormaat het as aalmoese en moenie dat jou oog afgunstig wees op dit wat jy as aalmoese gee nie. ¹⁷ *Sit van jou kos op die grafte van die regverdiges, maar moet niks daarvan vir die sondaars gee nie.

¹⁸ “Soek raad by elke wyse mens en moenie enige nuttige raad minag nie. ¹⁹ *Loof die Here God by elke geleentheid en vra Hom dat jou weë reguit gemaak sal word en dat al jou paaie en planne tot voorspoed sal lei. Geen nasie het raad nieⁱ ... die Here sal vir hulle goeie raad gee.^j Die

^h**4:13 broers ... dogters:** Die drie terme verwys na verwante en volksgenote.

* **4:14** Lev 19:13; Deut 24:15

* **4:15** Spr 23:31; Matt 7:12; Luk 6:31

* **4:16** Deut 15:10; Job 31:16; Jes 58:7; Matt 25:35-36; 2 Kor 9:7

* **4:17** Deut 26:14; Sir 30:18

* **4:19** Deut 4:6; 1 Sam 2:7; Ps 75:8; 119:5,10,33

ⁱ**4:7-19 Moenie met 'n suinige ... het raad nie:** Hierdie deel kom uit die korter Griekse teks; vgl voetnoot in Tob 1:1.

^j**4:19 die Here ... raad gee:** Hier begin die langer teks weer; vgl die vorige voetnoot.

Here stort wie Hy wil tot diep onder in Hades.^k

“En nou, kind, onthou hierdie voorskrifte; moenie dat hulle uit jou hart uitgewis word nie.

²⁰“En nou, kind, laat ek jou vertel dat ek tien talent¹ silwer toevertrou het aan Gabael,^{*} seun van Gabri, in Rages in Medië. ²¹ *Kind, moenie angstig wees omdat ons arm geword het nie. As jy ontsag^m het vir God en jou weerhou van elke vorm van sonde en doen wat Hom behaag, sal jy meer as genoeg hê.”

5

Rafael as Tobias se reisgenoot

¹ Toe het Tobias sy pa Tobit geantwoord: “Alles wat Vader my beveel het, sal ek doen, ² maar hoe sal ek die geld van Gabael kan kry? Hy ken my nie en ek ken hom nie. Watter bewys gee ek vir hom sodat hy my kan herken, my glo en die geld vir my gee? Ek ken ook nie die paaie na Medië sodat ek daarheen kan reis nie.”

³ Toe antwoord Tobit sy seun Tobias: “Hy het vir my 'n bewysⁿ gegee en ek het vir hom 'n bewys gegee; ek het dit in twee gedeel. Ons het

^k**4:19 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; Doderyk.

¹**4:20 10 talent:** Die grootste geldeenheid, 10 talent was dus ongeveer 60 000 denarius; •Geldeenhede.

^{*}**4:20 10 ... Gabael:** Tob 1:14; 4:1

^{*}**4:21** Sir 11:21-22; 1 Tim 6:6-8

^m**4:21 angstig ... ontsag:** In die Grieks is daar 'n woordspel aangesien dieselfde woord in beide gevalle gebruik word.

ⁿ**5:3 'n bewys:** Dit was in die tyd algemene gebruik om 'n bewys te kry wanneer 'n mens geld by iemand gedeponeer het. In hierdie geval is daar sprake van twee bewyse, een van Tobit en een van Gabael. Dié twee bewyse is in twee verdeel sodat elkeen die helfte van elke bewys gehad het.

elkeen 'n deel geneem en ek het een by die geld gesit. Nou het daar al twintig jaar verloop sedert ek die geld by hom gelaat het. En nou, kind, soek vir jou 'n betroubare persoon wat saam met jou kan reis. Ons sal hom betaal tot jy weer terug is, maar gaan haal dié geld by Gabael.”

⁴*Tobias het uitgegaan om iemand te soek wat saam met hom na Medië sou reis, iemand wat die pad ken. Hy het uitgegaan en kry toe vir Rafael, die engel; dié het reg voor Tobias gestaan, maar Tobias het nie geweet dat Rafael 'n engel van God is nie. ⁵Hy vra hom toe:

“Waarvandaan kom jy, jong man?” Hy antwoord hom: “Van die Israeliete, u broers.^o Ek het hier kom werk.” Tobias vra hom toe: “Ken jy die pad na Medië?” ⁶Hy antwoord Tobias: “Ja, ek was al dikwels daar. Ek is vertrouwd met al die paaie en ken hulle goed. Ek het al dikwels na Medië gereis en by Gabael, ons broer, oorgebly. Hy woon in Rages in Medië. Dit is gewoonlik twee dagreise^p van Ekbatana^q tot by Rages,^r want Rages lê in die berge.” ⁷*Tobias sê vir hom: “Wag vir my, jong man, solank ek ingaan en my pa inlig, want ek het jou nodig om saam met my te gaan. Ek sal jou betaal.” ⁸Hy antwoord hom: “Goed, ek wag; moet net nie talm nie.”

⁹Tobias het ingegaan en sy pa, Tobit, ingelig: “Kyk, ek het 'n man gekry van ons broers,^s die Israeliete.” Tobit antwoord hom: “Roep die man vir my sodat ek kan uitvind wie sy familie is en uit watter stam hy is, en of hy betroubaar is om saam met jou te reis, my kind.”

*5:4 Tob 1:14; 3:17; Heb 1:14; 13:2

^o5:5 broers: Dit verwys na familie.

^p5:6 2 dagreise: Die afstand wat te voet in 2 dae afgelê kan word.

^q5:6 Ekbatana: Die hoofstad van antieke Medië; tans Hamadan in moderne Iran.

^r5:6 Ekbatana ... Rages: Die •bronteks is problematies, want die afstand tussen hierdie plekke was ongeveer 300 km, wat nie te voet in 2 dae afgelê kan word nie.

*5:7 Tob 12:2

^s5:9 broers: Dit verwys hier na volksgenote.

¹⁰ Tobias gaan toe uit en roep die jong man en sê vir hom: “Jong man, my pa roep jou.” Hy het ingegaan na Tobit en Tobit het hom eerste gegroet. En Rafael het vir hom gesê: “Mag u baie geluk ondervind!” Maar Tobit het hom geantwoord: “Watter geluk is daar nog vir my? Ek is 'n blinde mens; ek kan nie die lig van die hemel sien nie. Ek lê in die donker soos die dooies wat die lig nie meer sien nie. Al leef ek, is ek onder die dooies. Ek hoor mense se stemme, maar ek sien hulle nie.” Die jong man sê vir Tobit: “Hou moed. Die tyd dat God u gaan genees, is naby. Hou moed.” Tobit antwoord hom: “My seun Tobias wil na Medië reis. As jy saam met hom gaan en hom soontoe neem, sal ek jou vergoed, broer.” Hy sê vir Tobit: “Ek sal saam met hom kan reis. Ek ken al die paaie goed en was al dikwels in Medië. Ek het deur al die vlaktes van Medië gereis, en die berge en al die paaie daar ken ek goed.”

¹¹ Tobit sê vir hom: “Broer, uit watter geslagslyn^t en uit watter stam is jy? Lig my tog in, broer.” ¹² *Maar die jong man antwoord: “Hoekom vra u my oor my stamverband?” Tobit het geantwoord: “Ek wil presies weet wie se seun jy is, broer, en wat jou naam is.” ¹³ Die jong man sê vir hom: “Ek is Asarja, seun van Hananja die Grote, een van u broers.”

¹⁴ Tobit het vir hom gesê: “Mag jy gesond wees en dit met jou voorspoedig gaan, broer. Moenie vir my kwaad wees omdat ek presies wou weet wat jou geslagslyn is nie, broer. Jy is toevallig 'n broer; jy kom uit 'n goeie en edel familie. Ek het Hananja en Jatan geken, die twee seuns van Semaja die Grote. Hulle het altyd saam met my na Jerusalem gereis en daar saam met my aanbid. Hulle het nie van die Here afgedwaal nie. Jou broers is goeie mense en jy het 'n goeie herkoms.^u Wees welkom!”

^t**5:11 geslagslyn:** Bybelse term vir die aanduiding van die patriargale geslagslyn.

^{*}**5:12** Rig 13:7-18

^u**5:14 herkoms:** Letterlik ‘wortelstok’. Dit verwys na familiestam.

¹⁵ Tobit het ook gesê: “Ek sal jou 'n dragme^v per dag betaal en ook jou uitgawes, net soos vir my seun. ¹⁶ Gaan saam met my seun. Ek sal nog iets by jou vergoeding voeg.” ¹⁷ *Die jong man het gesê: “Ek sal saam met hom gaan. Moenie bang wees nie! Ons sal in goeie gesondheid vertrek en ons sal in goeie gesondheid na jou terugkom omdat die pad veilig is.” Tobit het gesê: “Wees geseënd, broer.”

Toe het hy sy seun geroep en vir hom gesê: “Kind, maak alles reg vir die pad en vertrek saam met jou broer. Mag God wat in die hemel is, julle veilig daar bring en julle in goeie gesondheid na my laat terugkeer. Mag sy engel saam met julle op die pad gaan en julle beskerm, kind.”

Tobias het uitgegaan om met sy reis te begin en hy het sy pa en ma gesoen. Tobit het vir hom gesê: “Mag jy in goeie gesondheid reis.”

¹⁸ Sy ma het gehuil en vir Tobit gesê: “Hoekom het jy my kind weggestuur? Is hy nie 'n staf waarop ons hand rus nie, en is hy nie die een wat voor ons oë kom en gaan nie? ¹⁹ Moenie geld ter wille van geld bestee nie. Laat dit 'n losprys wees vir ons kind. ²⁰ Dit is vir ons genoeg om te leef soos die Here vir ons bestem het.” ²¹ Tobit het haar geantwoord: “Moenie bekommerd wees nie. Ons kind sal gesond vertrek en gesond na ons terugkeer. Jou oë sal hom sien op die dag wanneer hy gesond na jou terugkom. ²² Moenie bekommerd of bang wees oor hulle nie, suster.^w 'n Goeie engel sal saam met hom gaan. Sy reis sal suksesvol wees en hy sal gesond terugkom.” ²³ En sy het opgehou huil.

^v**5:15 dragme:** 'n Griekse silwermuntstuk, gelyk aan 'n Romeinse •denarius, wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

^{*}**5:17** Gen 24:7,40; Eks 23:20

^w**5:22 suster:** Dit verwys hier na sy vrou; vgl Hoogl 4:9-10,12; 5:1-2; Tob 7:11,15; 8:4,21; 10:6,13.

6

Reis na Medië

¹ Die seun het vertrek en die engel saam met hom. Die hond het ook saam met die seun uitgegaan en saam met hulle gereis. Die twee mans het gereis en toe die eerste nag vir hulle aanbreek, het hulle by die Tigrisrivier oorgeslaap. ² Die seun het afgestap om sy voete in die Tigrisrivier te gaan was. 'n Groot vis het uit die water gespring en wou die seun se voet insluk, en hy het geskreeu. ³ Die engel sê toe vir die seun: “Gryp die vis en hou hom vas!” Die seun het die vis gegryp en hom op droë grond gebring. ⁴ Die engel het vir hom gesê: “Sny die vis oop en haal die gal, hart en lewer uit. Hou dit by jou, maar gooi die ingewande weg. Die gal, die hart en die lewer is goeie medisyne.” ⁵ Die seun het die vis oopgesny en die gal, hart en lewer bymekaargesit. Hy het van die vis gebraai en dit geëet. Die res het hy gehou en ingesout.

⁶ Die twee het saam verder gereis tot hulle naby Medië gekom het.

⁷ Toe het die seun vir die engel gevra: “Broer Asarja, watter soort medisyne is daar in die vis se hart, lewer en gal?” ⁸ Hy het geantwoord: “Jy kan die hart en die lewer van die vis laat rook voor 'n man of vrou wat deur 'n demoon of 'n bose gees gepla word en elke plaag sal van daardie persoon af wyk; dit sal hom beslis vir altyd verlaat. ⁹ En wat die gal betref, salf die oë van 'n mens waarop daar wit vlekke gekom het, blaas op sy oë, op die wit vlekke, en dit sal gesond word. ”

¹⁰ Toe hulle Medië binnegegaan het en reeds naby Ekbatana^x was, ¹¹ *sê Rafael vir die seun: “Tobias, broer!” Hy antwoord hom: “Hier is ek.” Rafael sê: “Ons moet vannag by Raguel-hulle oorslaap. Hy is verwant aan jou en

^x6:10 Ekbatana: Die hoofstad van antieke Medië; tans Hamadan in moderne Iran.

^{*}6:11 Tob 3:7

hy het 'n dogter met die naam Sara. ¹²*Buiten Sara het hy nie 'n seun of 'n ander dogter nie, net vir haar. Jy is haar naaste familielid — jy het bo alle ander mans die reg om haar as vrou te erf;^y jy het die reg om alles wat haar pa s'n is, te erf. Die jong meisie is ook wys, moedig* en baie mooi,* en haar pa is goed.” ¹³*Hy het voortgegaan: “Dit is bestem dat jy haar as vrou moet neem. Luister nou, broer, ek sal vanaand nog met die pa oor die meisie praat sodat ons haar as jou bruid kan neem. Wanneer ons terugkeer uit Rages, sal ons haar huwelik vier.^z Ek weet goed Raguel sal haar beslis nie van jou kan weerhou of haar aan iemand anders kan verloof nie, anders sal hy, volgens die bepaling van *Die Boek van Moses*, moet sterf. Hy sal besef dat jy bo elke man die erfreg het om sy dogter as vrou te neem. Luister nou na my, broer, ons sal vanaand nog oor die meisie praat en dan verloof ons haar aan jou. En wanneer ons uit Rages vertrek, sal ons haar neem en haar saam met ons terugbring na jou huis toe.”

¹⁴*Toe het Tobias Rafael geantwoord: “Broer Asarja, ek het gehoor dat sy reeds aan sewe mans gegee is, en hulle het in die bruidskamer gesterf — die nag waarop hulle ingegaan het na haar, het hulle gesterf. Ek het gehoor die mense sê daar is 'n demoon wat hulle doodmaak. ¹⁵ Ek is nou bang, want die demoon maak nie vir háár seer nie, maar hy maak die een dood wat naby haar wil kom. Ek is my pa se enigste seun. Ek is bang ek gaan dood en veroorsaak dat my pa en ma met verdriet oor my die graf ingaan;* hulle het nie 'n ander seun wat vir hulle kan begrawe nie.”

*6:12 Num 27:8; 36:8; Tob 3:17; 7:13

^y6:12 erf: In antieke kulture is vroue as deel van die man se erfenis beskou.

*6:12 moedig: Sir 26:2

*6:12 wys ... mooi: Sir 26:13-18; 36:22-24

*6:13 Num 36:5-12; Deut 25:5-12

^z6:13 huwelik vier: Dit het gewoonlik 7 dae geduur, maar kon tot 14 dae aanhou.

*6:14 Tob 3:8

*6:15 veroorsaak ... ingaan: Tob 3:10

¹⁶ *Rafael sê vir hom: “Onthou jy nie jou pa se voorskrifte nie? Hy het jou opdrag gegee om 'n vrou uit die huis van jou pa te neem. Luister nou na my, broer, moenie jou oor daardie demoon bekommer nie; neem haar. Ek weet sy sal vannag nog vir jou as vrou gegee word. ¹⁷ Wanneer jy in die bruidskamer kom, vat van die vis se lewer en hart en sit dit op die wierookkole. Dit sal 'n geur afgee; die demoon sal dit ruik en vlug. Hy sal nooit in alle ewigheid weer naby haar verskyn nie. ¹⁸ *Wanneer jy op die punt is om met haar intiem te verkeer, moet julle al twee eers opstaan en bid. Vra die Here van die hemel dat daar vir julle ontferming en redding sal wees. Hou op om bang te wees, want daar is al voor alle tye bepaal dat sy joune sal wees. Jy sal haar red en sy sal saam met jou gaan. Ek neem aan jy sal by haar kinders hê en dat hulle vir jou soos broers sal wees. Moenie bekommerd wees nie.”

¹⁹ Toe Tobias Rafael se woorde hoor en dat sy 'n suster^a is, uit die nageslag van die huis van sy pa, het hy haar baie liefgekry en het hy sy hart^b heeltemal op haar verloor.

7

Tobias se huwelik met Sara

¹ Toe hulle in Ekbatana^c aankom, sê Tobias: “Asarja, broer, vat my reguit na Raguel, ons broer.^d” Hy het hom na Raguel se huis geneem. Hulle kry hom waar hy by die hek van sy binnehof sit. Hulle het hom

***6:16** Tob 4:12-13

***6:18** Gen 24:44

^a**6:19 suster:** Sy behoort aan dieselfde familiegroep.

^b**6:19 hart:** Letterlik ‘siel’. Dit verwys hier na die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

^c**7:1 Ekbatana:** Die hoofstad van antieke Medië; tans Hamadan in moderne Iran.

^d**7:1 broer:** Dit verwys na familie.

eerste gegroet. Raguel sê vir hulle: “Baie welkom, broers! Julle het veilig en in goeie gesondheid gereis.” Toe het hy hulle in sy huis ingeneem. ² Hy het vir sy vrou, Edna, gesê: “Hoe baie lyk hierdie jong man nie na my broer Tobit nie!” ³ *Toe vra Edna vir hulle: “Waar kom julle vandaan, broers?” Hulle het haar geantwoord: “Ons is van die nageslag van Naftali, gevangenes in Nineve.” ⁴ *Sy vra hulle toe: “Ken julle ons broer Tobit?” Hulle het vir haar gesê: “Ons ken hom.” ⁵ Toe vra sy hulle: “Is hy gesond?” Hulle het vir haar gesê: “Hy is gesond en leef nog.” Tobias het bygevoeg: “Dis my pa.” ⁶ *Toe spring Raguel op en soen hom en begin huil. Raguel het vir hom gesê: “Mag daar seën vir jou wees, kind. Jy is die seun van 'n edel en goeie pa. Dat so 'n regverdige man wat soveel aalmoese uitgedeel het, blind moes word, is 'n verskriklike ramp.” Hy het Tobias, sy broer, om die nek geval en gehuil. ⁷ Edna, sy vrou, het ook oor Tobit gehuil; ook Sara, hulle dogter, het gehuil. ⁸ Raguel het 'n ram uit sy kudde laat slag en hulle gul onthaal. ⁹ Toe hulle gebad en hande gewas het, en aanleun om te eet,^e sê Tobias vir Rafael: “Asarja, broer, sê vir Raguel hy moet Sara, my suster, vir my as vrou gee.” ¹⁰ Raguel het sy woorde gehoor en vir die seun gesê: “Eet, drink en geniet hierdie nag, want daar is geen ander man wat meer daarop geregtig is om my dogter Sara te kry as jy nie, broer. Ja, ek het geen reg om haar aan 'n ander man as jy te gee nie, omdat jy naaste aan my is, maar ek moet jou die waarheid vertel, kind. ¹¹ Ek het haar al vir sewe mans gegee, almal ons broers, en elkeen het die nag gesterf toe hy na haar ingegaan het. En nou, kind, eet en drink. Die Here sal vir julle

*7:3-5 Gen 29:4-6; 43:27-30

*7:4 Tob 1:1

*7:6 Gen 33:4; 45:14; Luk 15:20

^e7:9 aanleun ... eet: Mense het in Bybelse tye met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet

sorg.”¹² *Maar Tobias het geantwoord: “Ek sal beslis nie hier eet of beslis nie drink voordat u hierdie saak met my gereël het nie.” Raguel het vir hom gesê: “Ek maak so. Sy is aan jou gegee volgens die bepaling van *Die Boek van Moses*,^{*} want dit is uit die hemel bestem dat sy aan jou gegee word. Neem jou suster.^f Van nou af is jy haar broer en sy jou suster. Sy is aan jou gegee, van vandag af en vir altyd. Mag die Here van die hemel julle vannag voorspoedig maak, kind, en julle ontferming en vrede gee.”¹³ *Raguel het sy dogter Sara geroep en sy het na hom gekom. Hy het haar hand gevat en haar vir Tobias gegee. Hy het vir hom gesê: “Neem haar as vrou volgens die wet en die bepaling wat geskryf staan in die *Die Boek van Moses*. Neem haar en vat haar veilig na jou pa toe. Mag die God van die hemel vir julle 'n voorspoedige reis en vrede gee.”¹⁴ Raguel het haar ma geroep en haar gevra om 'n •boekrol te bring. Hy het die huwelikskontrak in die boekrol geskryf: dat hy Sara vir Tobias as vrou gee volgens die bepaling van die Wet van Moses. Daarna het hulle begin eet en drink.

¹⁵ Toe roep Raguel sy vrou, Edna, en sê vir haar: “Suster, maak die ander kamer^g gereed en neem haar soontoe.”¹⁶ Edna het 'n bed in die kamer gereed gaan maak soos hy vir haar gesê het en Sara daarheen geneem. Edna het oor haar begin huil, maar haar trane afgedroog en vir Sara gesê:¹⁷ “Hou moed, dogter. Mag die Here van die hemel vir jou vreugde gee in plaas van jou verdriet. Hou moed, dogter.” Toe het sy uitgegaan.

*7:12 Gen 24:33

*7:12 **Die Boek van Moses:** Tob 1:8

^f7:12 **suster:** Dit verwys na familie.

*7:13 Gen 24:50-51; Deut 25:5-12

^g7:15 **kamer:** Waarskynlik 'n kamer in die antieke huis wat baie privaat was en dikwels as 'n stoorkamer gebruik is.

8

Verdrywing van die demoon

¹ Toe hulle klaar geëet en gedrink het, wou hulle gaan slaap. Hulle het die jong man gevat en hom na die kamer^h geneem. ²*Tobias het Rafael se woorde onthou en die lewer en hart van die vis uitgehaal uit die sak waarin hy dit gehou het. Hy het dit op die wierookkole gesit. ³*Die reuk van die vis het die demoon weggehou en hy het gevlug, ver weg tot in Bo-Egipte.ⁱ Rafael het gegaan en hom dadelik daar aan sy voete en hande geboei.

⁴*Toe die ander mense uit is en hulle die deur van die kamer toegemaak het, het Tobias opgestaan van die bed af en vir Sara gesê: “Suster, staan op en laat ons bid en ons Here vra om ons ontferming en redding te gee.” ⁵*Sy het opgestaan en hulle het begin bid. Hulle het gevra dat daar vir hulle redding mag wees. Tobias het soos volg gebid:

^h**8:1 kamer:** Waarskynlik 'n kamer in die antieke huis wat baie privaat was en dikwels as 'n stoorkamer gebruik is.

***8:2** Tob 6:8,17

***8:3** Lev 16:22; Matt 12:43

ⁱ**8:3 Bo-Egipte:** Die mees suidelike deel van Egipte wat hoog geleë is, 'n woestynagtige gebied wat tradisioneel met demone geassosieer is; vgl Jes 13:21; 34:14; Matt 12:43.

***8:4** Tob 6:18

***8:5** Ps 148:1-14; Tob 13:1; DanGr 3:26

“Lofwaardig is U,
o God van ons voorvaders,
en lofwaardig is u Naam vir altyd
tot in alle geslagte.

Laat die hemele^j
en die hele skepping
U vir altyd loof.

⁶ *U het Adam gemaak
en U het sy vrou Eva
vir hom gemaak tot hulp
en ondersteuning.

Uit hulle twee het die menslike
geslag gekom.

U het gesê, ‘Dit is nie goed
vir 'n man om alleen te wees nie.

Laat Ons vir hom 'n hulp maak,
een soos hy.’*

⁷ Nou neem ek my suster tot vrou,
nie uit wellus nie,
maar in opregtheid.

Gee tog opdrag dat ek en sy
ontferming ontvang
en saam oud word.”

⁸ Hulle het saam gesê: “Amen,^k amen.” ⁹ En hulle het gaan slaap vir die nag.*

^j**8:5 hemele:** Die meervoud “hemele” reflekteer die Joodse opvatting dat die hemel uit verskillende vlakke bestaan het; vgl 2 Kor 12:2.

***8:6** Gen 2:7,21-22

***8:6 Dit is ... soos hy:** Gen 2:18

^k**8:8 Amen:** 'n Hebreeuse woord wat beteken ‘Dit is so’ of ‘Mag dit so wees’.

***8:5-9 Lofwaardig ... nag:** Gen 2:18-24

¹⁰ Raguel het egter opgestaan en sy huisbediendes geroep. Hulle het uitgegaan en 'n graf gegrawe, want hy het gesê: “Miskien gaan hy dood en dan word ons 'n voorwerp van gelag en gespot.” ¹¹ Toe hulle die graf klaar gegrawe het, het Raguel die huis binnegegaan en sy vrou geroep. ¹² Hy het vir haar gesê: “Stuur een van die diensmeisies om in te gaan en te kyk of hy nog leef. As hy dood is, kan ons hom begrawe sodat niemand daarvan sal weet nie.” ¹³ Hulle stuur toe die diensmeisie. Hulle het 'n lamp aangesteek, die deur oopgemaak en sy het ingegaan en die twee daar gekry, saam vas aan die slaap. ¹⁴ Die diensmeisie het uitgekom en vir hulle vertel dat hy leef en dat daar niks verkeerd is nie. ¹⁵ Toe het hulle die God van die hemel geloof en gesê:

“U, o God, is alle opregte
lofpysinge waardig.

Laat die mense U
tot in alle ewigheid loof.

¹⁶ U is lofwaardig
omdat U my bly gemaak het.

Sake het nie verloop
soos ek verwag het nie,
maar U het met ons gehandel
ooreenkomstig u groot ontferming.

¹⁷ *U is lofwaardig omdat U
ontferming betoon het
aan hierdie twee enigste kinders.

Here,¹ bewys aan hulle ontferming
en verlossing,

* **8:17** Tob 3:15; 6:15

¹**8:17 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

en skenk hulle 'n vol lewe,
vol geluk en ontferming.”

¹⁸ Toe het hy sy huisbediendes beveel om die graf toe te gooi voor die dag aanbreek.

¹⁹ Hy het vir sy vrou gesê om baie brood te bak. Hy het na die kudde toe gegaan en twee beeste en vier ramme gaan haal en sy dienaars aangesê om hulle te slag. Hulle het begin om alles gereed te maak.

²⁰ *Hy het Tobias geroep en vir hom gesê: “Vir veertien dae mag jy nie hiervandaan weggaan nie. Nee, jy sal hier bly en saam met my eet en drink. Jy sal vreugde gee aan my dogter se siel^m wat so vol smart was.

²¹ Alles wat myne is, vat daarvan vir jou die helfte en keer in goeie gesondheid terug na jou pa. Die ander helfte is joune wanneer ek en my vrou te sterwe gekom het. Hou moed, kind. Ek is jou pa en Edna is jou ma. Ons is by jou, net soos ons by jou suster is, nou en vir altyd. Hou moed, kind.”

9

Ontvangs van geld by Gabael

¹ Toe het Tobias vir Rafael geroep en vir hom gesê: ² “*Asarja, broer,ⁿ vat vier huisbediendes en twee kamele saam met jou en gaan na Rages. Gaan na Gabael en gee vir hom die bewys. Kry die geld en bring hom saam met jou na die bruilofsfees. ³⁻⁴ Jy besef dat my pa die dae sal aftel. As ek net een dag laat is, sal ek hom baie ontstel. Jy weet wat Raguel

*8:20 Gen 24:54-55; Rig 14:12; Tob 11:18

^m8:20 siel: Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

*9:2 Gen 24:10; Tob 4:20; 5:3

ⁿ9:2 broer: Dit verwys na familie.

gesweer het en ek kan nie sy eed* verontagsaam nie.”⁵ Rafael en die vier huisbediendes en twee kamele reis toe na Rages in Medië. Hulle het die nag by Gabael oorgebly. Rafael het sy bewys vir hom gegee en hom vertel van Tobias, seun van Tobit, dat hy vir hom 'n vrou geneem het en dat hy hom uitnooi na die bruilofsfees. Gabael het dadelik opgestaan. Hy het die sakke geld vir Rafael uitgetel, met hulle seëls nog heel, en hulle het dit bymekaargepak.⁶ *Hulle het almal vroeg opgestaan en na die bruilofsfees vertrek. Toe hulle by Raguel se huis aankom, het hulle Tobias aan tafel gekry. Hy het opgespring en Gabael gegroet, wat hom onder trane geseën en vir hom gesê het: “Edele en goeie man, seun van 'n edele en goeie, regverdige en vrygewige man. Mag die Here vir jou hemelse seëninge gee — ook vir jou vrou, jou vader en jou vrou se moeder. God is lofwaardig omdat ek my neef Tobit gesien het. Jy lyk feitlik presies soos hy.”

10

Tobias se terugkeer

¹ *Tobit het elke dag uitgewerk hoeveel dae dit Tobias sou neem om heen en terug te reis. Toe die dae om was en sy seun nog nie terug was nie, ² het hy gesê: “Is hy nie dalk daar opgehou nie? Of is Gabael dalk dood en is daar niemand om die geld vir hom te gee nie?” ³ Hy het bedruk begin raak. ⁴ Sy vrou Anna sê toe: “My kind is dood en nie meer by die lewendes nie.” Sy het begin huil en treur oor haar seun en gesê: ⁵ “Ai tog, kind, lig van my oë, dat ek toegelaat het dat jy weggaan.” ⁶ Tobit het vir haar gesê: “Bly stil. Moenie bekommerd wees nie, suster.^o

*9:3-4 eed: Tob 8:20

*9:6 Tob 7:2

*10:1 Gen 24:56; Tob 9:4; Luk 15:20

^o10:6 suster: Dit verwys na sy vrou.

Hy is ongedeerd. Iets moes beslis met hulle daar gebeur het wat hom ophou. Die man wat saam met hom gereis het, is betroubaar en een van ons broers. Moenie hartseer wees oor hom nie, suster. Hy sal binnekort terug wees.”⁷ *Maar sy sê vir hom: “Bly jy stil! En moenie my bedrieg nie! My kind is dood.” Sy het elke dag uitgehardloop en in die pad af gekyk waarlangs haar seun weg is. Sy het na niemand geluister nie. Eers wanneer die son onder was, het sy ingegaan en die hele nag lank gehuil en getreur, en geen slaap gekry nie.

⁸ *Toe die veertien dae van die bruilofsfees verby was — wat Raguel gesweer het hy vir sy dogter sou hou — het Tobias na Raguel gegaan en vir hom gesê: “Stuur my terug, want ek weet my vader en my moeder glo dat hulle my nie weer sal sien nie. Nou vra ek u, Vader, om my terug te stuur dat ek na my eie vader kan gaan. Ek het reeds vir u vertel hoe ek van hom weg is.”⁹ Raguel sê vir Tobias: “Bly, kind; bly by my en ek sal boodskappers^p na jou pa Tobit stuur en hulle sal hom oor jou inlig.” Hy het hom geantwoord: “Nee, dit kan nie. Ek vra Vader om my hiervandaan terug te stuur na my eie vader.”¹⁰ *Raguel het opgestaan en Sara as vrou vir Tobias gegee en die helfte van al sy besittings, sy dienaars en diensmeisies, beeste en skape, donkies en kamele, klere, geld en huishoudelike ware.¹¹ Hy het hulle in goeie gesondheid weggestuur. Hy het Tobias gegroet en vir hom gesê: “Voorspoed, kind, reis veilig. Mag die Here van die hemel vir jou en jou vrou Sara voorspoed gee, en mag ek julle kinders sien voor ek sterf!”¹² *Hy het vir sy dogter Sara gesê: “Gaan na jou skoonpa omdat hulle van nou af jou

*10:7 Gen 45:26

*10:8 Gen 24:54-55

^p10:9 **bodskappers:** Kan ook ‘engele’ beteken.

*10:10 Gen 24:35; 30:43

*10:12 Gen 45:28

ouers is, asof hulle jou self in die lewe gebring het. Gaan in vrede, dogter, en mag ek goeie dinge van jou hoor solank ek leef.” Hy het hulle gegroet en laat gaan. ¹³ Edna het vir Tobias gesê: “Kind en geliefde broer, mag die Here jou veilig terugneem huis toe. Mag ek jou en my dogter Sara se kinders sien terwyl ek nog leef, voor ek sterf. Voor die Here vertrou ek my dogter aan jou toe as 'n kosbare pand. Mag jy haar nooit in al jou lewensdae bedroef nie. Kind, gaan in vrede. Van nou af is ek jou ma en Sara jou suster. Mag ons almal voorspoedig wees, al die dae van ons lewe.” Sy het hulle albei gesoen en hulle in goeie gesondheid weggestuur.

¹⁴ *Tobias is weg van Raguel, gesond en gelukkig, terwyl hy die Here van die hemel en die aarde, die Koning van almal, loof omdat Hy sy pad voorspoedig gemaak het. Hy het vir homself gesê: “Dit is jou gegun om jou ouers al die dae van hulle lewe te eer.”

11

Tobit se genesing

¹ En toe hulle naby Kaserin kom wat regoor Nineve was, sê Rafael:
² “*Jy weet hoe ons jou pa agtergelaat het. ³ Kom ons haas ons voor jou vrou uit en maak die huis reg solank hulle kom.” ⁴ Die twee het saam vooruit gereis en Rafael het vir Tobias gesê: “Hou die gal byderhand.” Die hond het saam met hulle gegaan, al agter Rafael en Tobias aan.

⁵ Anna het die pad sit en dophou vir haar seun. ⁶ Sy het hom sien aankom en vir sy pa gesê: “Kyk, daar kom jou seun en die man wat saam met hom gereis het!”

⁷ Voor hulle naby Tobias se pa gekom het, het Rafael vir Tobias gesê:

*10:14 Gen 24:21,40,42,56

*11:2 Gen 46:28

“Ek weet sy oë sal geopen word. ⁸*Smeer van die vis se gal aan sy oë. Die medisyne sal die vliese laat krimp en van sy oë laat afskil. Jou pa sal weer kan sien en die lig aanskou.”

⁹*Anna het na haar seun gehardloop en hom om die nek geval en vir hom gesê: “Ek het jou weer gesien, kind. Nou kan ek sterf.” Sy het gehuil. ¹⁰Tobit het opgestaan en al strompelend by die hek van sy binnehof uitgekom. ¹¹Tobias het na hom gekom met die vis se gal in sy hand. Hy het in sy pa se oë geblaas, hom vasgehou en vir hom gesê: “Hou moed, Vader.” Hy het die gal aangewend en dit ingevryf. ¹²*Hy het al twee sy hande gebruik en die wit vliese van die hoeke van sy pa se oë begin aftrek. ¹³Tobit het hom omhels en gehuil. Hy het vir hom gesê: “Ek kan jou sien, kind, lig van my oë.” ¹⁴*Tobit het ook gesê:

“Lofwaardig is God,
en lofwaardig is sy grote Naam.
Al sy heilige engele is lofwaardig.
Mag sy grote Naam oor ons wees.
Al sy engele is lofwaardig
vir altyd en ewig,
omdat Hy my gekasty het,
en kyk, nou sien ek
my seun Tobias.”

¹⁵*En Tobias het ingegaan, en het God vreugdevol met sy hele mond geloof. Tobias het vir sy pa vertel dat sy reis suksesvol was, dat hy die geld terugbring het en hoe hy Sara, die dogter van Raguel, as vrou

*11:8 Tob 3:17; 6:9

*11:9 Gen 33:4; 45:14; 46:29-30; Luk 15:20

*11:12 Hand 9:18

*11:14 1 Kron 16:25; Ps 145:3; Matt 25:31

*11:15 Tob 13:2

geneem het, en dat sy juis op pad was, naby die poort van Nineve.

¹⁶ Tobit het uitgegaan om Tobias se bruid by die poort van Nineve te ontmoet. Hy was bly en het God geloof. Toe die mense van Nineve hom sien loop, hoe hy heeltemal op eie krag loop sonder dat iemand hom lei, was hulle verbaas. Tobit het voor almal getuig dat God Hom oor hom ontferm en sy oë geopen het. ¹⁷ Toe Tobit by Sara, die vrou van sy seun Tobias kom, het hy haar geseën en vir haar gesê: “Kom, dogter. Welkom! Lofwaardig is God wat jou na ons gebring het, dogter. Ek prys jou pa. Ek prys my seun Tobias. Ek prys jou, dogter. Kom na jou huis toe, in goeie gesondheid, geseënd en met blydschap. Kom, dogter!”

¹⁸ Daardie dag was daar vreugde onder al die Judeërs in Nineve.

¹⁹ Agikar^q en Nabad, Tobit se broerskinders, het ook daar aangekom en was saam met hom bly. En sewe dae lank het hulle die bruilofsfees gevier, en baie geskenke is aan hulle gegee.^r

12

Rafael se identiteit

¹ *Toe die bruilofsfees verby was, het Tobit sy seun Tobias geroep en vir hom gesê: “Kind, sorg dat jy die man betaal wat saam met jou gegaan het en gee vir hom nog iets ekstra by sy vergoeding.” ² Tobit vra hom toe: “Hoeveel sal ek hom betaal, Vader? Dit sal my nie skade doen as ek vir hom die helfte van die besittings gee wat hy saam met my terugbring het nie. ³ Hy het my veilig laat terugkeer, my vrou genees, saam met my die geld terugbring en u gesond maak. Hoeveel verdere vergoeding moet ek hom gee?” ⁴ Tobit sê vir hom: “Kind, dit is reg dat hy die helfte kry van alles wat hy saambring het.” ⁵ Tobias

^q11:19 Agikar: 'n Bekende legendariese man van wysheid, 'n neef van Tobit.

^r11:19 En 7 ... gegee: Hierdie versdeel ontbreek in die •bronteks, maar is wel in die •Vulgaat.

* 12:1 Gen 30:25-35; Tob 5:15-16

roep hom toe en sê vir hom: “Neem die helfte van alles wat jy saambring het as jou vergoeding. Reis veilig verder.”

⁶ Toe het Rafael dié twee in die geheim geroep en vir hulle gesê: “Loof God en bely voor almal wat leef die goeie dinge wat Hy vir julle gedoen het, sodat julle sy Naam kan loof en besing. Maak die woorde van God eerbiedig aan alle mense bekend en moenie traag wees om Hom te bely nie. ⁷ *Dit is reg om 'n koning se geheim te bewaar, maar eweneens om die dae van God bekend te maak en eerbiedig te bely. Doen die goeie, en die slegte sal julle nie tref nie. ⁸ *Gebed met waarheid en die gee van aalmoese in opregtheid is goed — beter as rykdom met onreg.^s Dit is goed om aalmoese te gee — beter as om 'n skat van goud bymekaar te maak. ⁹ *Die gee van aalmoese red 'n mens uit die dood; dit reinig van alle sonde. Dié wat aalmoese gee, sal versadig word met die lewe, ¹⁰ maar dié wat sonde en onreg doen, is vyande van hulle eie lewe.^t

¹¹ “Ek sal julle die volle waarheid vertel en hoegenaamd niks vir julle wegsteek nie. Ek het reeds vir julle aangedui, ‘Dit is reg om 'n koning se geheim te bewaar, maar dit is ook reg om die dae van God eerbiedig bekend te maak.’ ¹² *Nou ja, toe jy gebid het, en Sara ook, was dit ek wat julle gebede ingeneem het na die heerlike teenwoordigheid van die Here sodat Hy dit in herinnering kon roep — ook toe jy die dooies begrawe het. ¹³ *En toe jy nie gehuiwer het om op te staan en jou ete

*12:7 Spr 25:2

*12:8-9 Spr 11:4; Tob 4:6-11; Sir 29:8-13

^s12:8 **beter ... onreg:** Die •Vulgaat lui “Min met geregtigheid is beter as baie met ongeregtigheid.”

*12:9 Dan 4:27; Sir 3:31; Matt 6:3-4

^t12:10 **lewe:** Letterlik ‘siel’. Die mens se bewuste, innerlike self. “Siel” dui hier op die menslike gees in sy openheid na God.

*12:12 Job 33:23-24; Sag 1:12; Tob 3:16

*12:13 Job 1:1 — 2:13; Hand 10:4; Op 8:3-4

daar te laat en die dooie man te gaan begrawe nie — toe is ek gestuur om jou te toets. ¹⁴ *God het my terselfdertyd gestuur om jou en Sara, Tobias se bruid, te genees. ¹⁵ *Ek is Rafael, een van die sewe engele^u wat by die Here diens doen en ingaan in sy heerlike teenwoordigheid.”

¹⁶ *Die twee was lam van skrik en het met hulle gesigte op die grond neergeval; hulle was bevrees. ¹⁷ Maar Rafael het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie. Vrede vir julle. Loof God tot in alle ewigheid. ¹⁸ Toe ek by julle was, was my aanwesigheid nie aan my te danke nie, maar aan die wil van God. Loof Hom al julle dae. Besing Hom! ¹⁹ *Alhoewel julle my die hele tyd gesien het, het ek tog nie iets geëet nie, maar wat julle die hele tyd gesien het, was 'n visioen. ²⁰ *Loof nou die Here hier op aarde en bely God met dankbaarheid. Kyk, ek gaan terug na Hom wat my gestuur het. Skryf al die dinge neer wat met julle gebeur het.” En hy het opgevaar.

²¹ Hulle het opgestaan en kon hom nie meer sien nie. ²² Hulle het God geloof en geprys. Hulle het tot sy eer bely dat Hy hierdie groot dade verrig het — toe 'n engel van God aan hulle verskyn het.

13

Tobit se lofrede

¹ Tobit het gesê:

² “*Lofwaardig is die God
wat tot in ewigheid leef

*12:14 Tob 3:17

*12:15 Luk 1:19; Op 8:2

^u12:15 engele: Die Vulgaat lui “heilige engele”.

*12:16 Rig 13:20; Eseg 1:28

*12:19 Rig 13:16; Luk 24:41-43

*12:20 Rig 13:20; Joh 16:5; 20:17

*13:2 Eks 15:1-18; 1 Kron 29:10; Ps 144:1; Tob 3:11; 8:5,15; Judit 16:1-17;

DanGr 3:26; Luk 1:68; Ef 1:3

en lofwaardig is ook
sy koningsheerskappy.
Want Hy kasty én betoon
ontferming.
Hy laat afdaal tot diep
onder in Hades^v
én Hy laat opkom
uit die groot verderf.
Daar is niks wat aan sy hand
sal ontkom nie.*

³ Israeliete, bely Hom
voor die nasies
omdat dit Hy is wat julle
onder hulle verstrooi het.

⁴ *Daar het Hy sy majesteit
aan julle getoon.
Verhef Hom voor alles wat lewe
omdat Hy ons Here is.

Hy is ons God;
Hy is ons Vader;
Hy is God tot in alle ewigheid.

⁵ *Hy sal julle kasty
oor julle ongeregthede,
maar Hy sal Hom ontferm oor julle,

^v**13:2 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

***13:2 Want Hy ... ontkom nie:** Deut 32:39; 1 Sam 2:6; Wys 16:13,15

***13:4** Jes 63:16; 64:8; Jer 3:4; Wys 14:3; Sir 23:1,4; Matt 6:9

***13:5-6** Deut 30:2-3; Neh 1:9

onder al die nasies onder wie julle
ook al verstrooi is.

⁶ As julle na Hom terugkeer
met julle hele hart en siel
om in waarheid voor Hom te leef,
dan sal Hy na julle terugkeer
en beslis nie langer sy aangesig
vir julle verberg nie.

⁷ Let nou op wat Hy vir julle
gedoen het
en bely Hom met julle hele mond.
Loof die Here van geregtigheid;
verhef die Koning van die eeue!*

^{8 w}“In die land van my
gevangenskap
bely ek Hom;
ek maak sy krag en majesteit
bekend aan 'n nasie
van sondaars.

Keer terug, sondaars,
en beoefen geregtigheid
voor Hom.

Wie weet of Hy nie welwillend
teenoor julle sal wees
en ontferming aan julle

*13:7 verhef ... eeue: 1 Tim 1:17

^w13:8-10 Tob 13:8-10 kom uit die korter weergawe van die •bronteks, met
verandering van nommering; vgl voetnoot by Tob 1:1.

sal betoon nie?

⁹ Ek verhef my God;
my siel^x verhef die Koning
van die hemel
en my siel sal jubel
oor sy majesteit.*

¹⁰ *Laat almal oor Hom praat;
bely Hom in Jerusalem.
Jerusalem, heilige stad,
jou sal Hy kasty oor die dade
van jou kinders,
maar oor die kinders
van die regverdiges
sal Hy Hom weer ontferm.

¹¹ ^y“Jerusalem, jou tabernakel
sal weer met vreugde vir jou
opgerig word.

¹² *Mag Hy deur jou
al die gevangenes opbeur;
mag Hy deur jou liefde betoon
aan almal wat swaarkry,
aan alle geslagte tot in ewigheid.

^x**13:9 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self, dikwels ook “hart” genoem.

^{*}**13:9 my siel verhef ... majesteit:** Luk 1:46-47

^{*}**13:10** Jes 60:3-4; Sag 14:11

^y**13:11** Van hier af word die langer weergawe van die bronteks weer gebruik; vgl voetnoot in Tob 13:8-10.

^{*}**13:12-13** Ps 22:28; Jes 2:3; 60:1,9; Am 9:11; Miga 4:2; Sag 1:16; 8:20-22

¹³ 'n Helder lig sal skyn
tot aan al die eindes van die aarde;
baie volke sal van ver af na jou kom,
bewoners van al die eindes
van die aarde na jou heilige naam,
met geskenke in hulle hande
vir die Koning van die hemel.
Geslag op geslag sal deur jou
'n vreugdeoffer bring
en die naam van die uitverkore stad
sal vir alle geslagte
tot in ewigheid bestaan.

¹⁴ *Vervloek is almal
wat 'n harde woord teen jou^z sal sê!
Vervloek is almal wat jou vernietig
en jou mure afbreek,
almal wat jou torings verwoes
en jou wonings aan die brand steek,
maar geseënd tot in ewigheid
sal almal wees
wat vir jou eerbied het.

¹⁵ Gaan dan en wees bly
oor die kinders
van die regverdiges,
omdat hulle almal versamel
sal word

***13:14** Gen 12:3; Bar 4:31

^z**13:14 teen jou:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word ingevoeg vir duidelikheid.

en die Here van die ewigheid
sal loof.

Salig is dié wat jou liefhet.

Salig is dié wat hulle
oor jou vrede sal verheug.

¹⁶ *Salig is al die mense
wat oor jou sal treur,
oor al jou folteringe,
want hulle sal hulle oor jou verheug,
hulle sal al jou vreugde aanskou,
tot in ewigheid.

Laat my siel God,
die grote Koning, loof.

¹⁷ *Want Jerusalem sal herbou word;
die stad sal sy huis wees
vir alle ewigheid.

Hoe salig sal ek wees as 'n oorblyfsel
van my saad jou heerlikheid
sal kan sien,
en hulle die Koning van die hemel
sal bely.

Die poorte van Jerusalem
sal gebou word van saffier
en smarag,
al jou mure van kosbare stene.
Al die torings van Jerusalem
sal gebou word met goud,

* **13:16** Jes 66:10

* **13:17** Ps 122:6; Jes 54:11-12; Op 21:18-21

en hulle skanse
met die suiwerste goud.

Die strate van Jerusalem
sal uitgelê wees met robyn
en klip uit Ofir.

¹⁸ Die poorte van Jerusalem
sal vreugdeliedere sing;
al haar wonings sal uitroep,
'Halleluja, lofwaardig
is die God van Israel,'
en lofwaardig is hulle
wat sy heilige Naam
sal loof vir alle ewigheid en daarna."

14

¹ So het Tobit die uitinge van sy belydenis afgesluit.

Tobit se afskeidsrede

² Tobit het in vrede gesterf op die ouderdom van honderd-en-twaalf jaar en is op eervolle wyse in Nineve begrawe. Hy was twee-en-sestig jaar oud toe hy blind geword het en nadat hy weer kon sien, het hy goed geleef, aalmoese gegee en aangehou om God te loof en om die majesteit van God te bely.

³ *Toe hy op sterwe lê, het hy sy seun Tobias geroep en hom opdrag gegee: "Kind, vat jou kinders ⁴ * en vertrek haastig na Medië, want ek glo die uitspraak van God oor Nineve wat Hy aan Nahum * bekend maak

* 14:3 Gen 47:29; Tob 4:2-3

* 14:4 Jes 5:13; 64:10; Jer 9:15; Eseg 12:15

* 14:4 uitspraak ... Nahum: Jona 3:4; Nah 1:1

het — dat alles so sal wees en so met Assirië en Nineve sal gebeur. Alles sal gebeur wat die profete van Israel, wat God gestuur het, gesê het. Niks sal verlore gaan van al hulle uitsprake nie; alles sal op hulle tyd gebeur. In Medië sal daar meer uitkoms wees as in Assirië en Babilon. Ek weet en vertrou immers dat alles wat God gesê het, vervul sal word en so sal wees, en inderdaad sal nie een woord van die uitsprake verlore gaan nie. Ons broers^a wat in die land Israel woon, sal almal verstrooi word en as krygsgevangenes weggevoer word uit die goeie land.^b Die hele land Israel sal verlate wees; Samaria en Jerusalem sal verlate wees, en vir 'n tyd sal die huis van God in rou wees, en afgebrand. ⁵ *Maar God sal Hom weer oor hulle ontferm en hulle terugbring na die land Israel. Hulle sal sy huis herbou, maar nie soos die vorige een nie, en dit sal bly totdat die tyd van vervulling kom. Daarna sal almal terugkeer uit hulle gevangenskap en Jerusalem op 'n waardige wyse herbou. God se huis sal daar herbou word, net soos die profete van Israel daarvoor gesê het. ⁶ *Dan sal al die volke oor die hele aarde, almal, hulle tot God keer en waarlik ontsag vir Hom hê. Hulle sal al hulle afgode verwerp, ook die mense wat hulle bedrieg en mislei het om af te dwaal, en hulle sal die God van die ewigheid in geregtigheid loof. ⁷ *Al die Israeliete wat in daardie dae gered word en in waarheid aan God dink, sal versamel word. Hulle sal na Jerusalem kom en vir altyd veilig in die land van Abraham woon. Die land sal aan hulle oorgegee word. En dié wat God in waarheid liefhet, sal hulle verheug, maar dié wat sonde en onreg

^a14:4 **broers:** Dit verwys na familie.

^b14:4 **goeie land:** 'n Bekende verwysing na die beloofde land; vgl Deut 1:35; 3:25; 4:21-22.

*14:5 Esra 3:12; Jes 35:8-10; Jer 31:38; Eseg 36:24; Hag 2:3,9

*14:6 Jes 2:2-4; 18:7; 19:22; Jer 16:19

*14:7 Jes 60:4,21; Jer 32:37; Eseg 36:12; 39:26-27

doen, sal uit die hele land verdwyn.⁸⁻⁹ En nou beveel ek julle, kinders: Dien God in waarheid en doen wat vir Hom aanneemlik is. Ook julle kinders moet aangesê word om reg te doen en aalmoese te gee, sodat hulle God in gedagte kan hou en sy Naam by elke geleentheid in waarheid met al hulle krag loof. En nou, jy, kind, gaan weg uit Nineve en moenie hier bly nie. Die dag waarop jy jou ma by my begrawe, op dié dag moet jy nie binne die grense van die stad oornag nie, want ek sien dat baie onreg daar voorkom en baie bedrog daar gepleeg word en dat mense hulle nie daaroor skaam nie.¹⁰ Let op, kind, wat Nadab gedoen het aan Agikar,^c wat hom grootgemaak het. Is Agikar nie lewend afgebring onder die grond nie?^d Maar God het Nadab die oneer persoonlik vergeld: Agikar het uitgekóm in die lig in en Nadab het die ewige duisternis binnegegaan omdat hy probeer het om Agikar om die lewe te bring. Deurdat Agikar aalmoese gegee het, het hy die valstrik van die dood ontkóm wat Nadab vir hom gestel het. Nadab het egter self in die valstrik van die dood geval en dit het hom vernietig.¹¹ En nou, kinders, let op wat doen die gee van aalmoese, en wat onreg doen: dat onreg doodmaak. Maar nou verlaat my siel^e my.” Hulle het hom op die bed neergelê en hy het gesterf. Hy is eervol begrawe.

¹² *Toe Tobias se ma dood is, het hy haar by sy pa begrawe. Hy en sy vrou het na Medië gegaan en by sy skoonpa Raguel in Ekbatana^f gaan woon.¹³ Tobias het hulle op hulle oudag met respek versorg en hulle in

^c**14:10 Agikar:** 'n Bekende legendariese man van wysheid, 'n neef van Tobit.

^d**14:10 lewend ... grond nie:** Dit beteken 'lewend begrawe'.

^e**14:11 siel:** Die siel as die bewuste, innerlike lewenskern wat na die dood voortbestaan.

* **14:12** Gen 49:31; Tob 4:4; 8:21

^f**14:12 Ekbatana:** Die hoofstad van antieke Medië; tans Hamadan in moderne Iran.

Ekbatana in Medië begrawe. Hy het die huis van Raguel en dié van sy pa Tobit geërf. ¹⁴ Hy het op eervolle wyse gesterf in die ouderdom van honderd-en-sewentien jaar. ¹⁵ *Voor sy dood het hy van die verwoesting van Nineve[§] gehoor en dit gesien. Hy het gesien hoe Nineve se gevangenes na Medië geneem word, dié wat Agiagaros, die koning van Medië, as krygsgevangenes weggevoer het. Hy het God geloof oor alles wat Hy aan die mense van Nineve en Assirië gedoen het. Voor hy dood is, het hy hom oor Nineve verheug en die Here God tot in alle ewigheid geloof.

*14:15 Ps 137:8; Nah 1:1 — 3:19

§14:15 verwoesting van Nineve: In 612 vC.